

# Mpumalanga Landsdiens vertel van Nasionaal 2016...

Met opwinding in hul harte en tasse wat al weke voor die tyd gepak was, het Mpumalanga se landsdieners vol afwagting op die onderskeie busse na Landsdiens Nasionaal 2016 vertrek. Die onderskeie kampe het vanaf 8 Desember tot 12 Desember op verskeie kampterreine in die Noord-Kaap en Vrystaat plaasgevind.

Die Gr 10 – 12 leerders was gereed om die langpad aan te durf na Warrenton in die Noord-Kaap. Daar het vele aktiwiteite op ons seniors gewag; besoeke aan die Groot Gat by Kimberly en die slagveld van Magersfontein was maar net twee van die hoogtepunte op die kamp. By die kampterrein was daar genoeg tyd om saam met ou en nuwe vriende uit die onderskeie provinsies mee saam te kuier. Daar was lekker aktiwiteite soos “Minute to Win it” en allerlei lekker speletjies. ‘n Lekker sokkie was ook deel van een van die groot kuiersessies op die kamp.



By die Gr 8 – 9’s is daar weer koers gekies na Viljoenskroon Kampterrein net buite Parys vir hulle kamp. Met hul aankoms is hulle met ‘n “drumming session” begroet waar almal na hartelus hul tromme kon saamslaan. Hier het “tubing” op die Vaalrivier, “abseiling”, boogskiet en ‘n besoek aan die Cheetah Sanctuary op hulle gewag. Die hoogtepunt was dat elke landsdiener die geleentheid gehad het om ‘n jagluiperd van naby te betrag en hom te streef. Hulle het Noot vir Noot gespeel, in die veld gaan stap en ‘n Mannequin Challenge video geskiet. Daar was duidelik nie ‘n geleentheid om net rond te sit en niks te doen nie.

Die Gr 6 – 7 leerders het weer na Takwasa Kampterrein, net buite Parys, gereis. Hier het hulle vlotte in die Vaal rivier gebou en met binnebande en roeibote in die rivier rond gevaar.



Nog berigte en foto’s op bl 2.



Daar was 'n staproete in die Vredefort Koepel se koppies en verskeie aktiwiteite op die kampterrein. Een van die aktiwiteite wat uitgestaan het, was die sokker; waar landsdieners in groot plastiekballe teen mekaar gespeel en gestamp het. Vir handvaardigheid het landsdieners op 'n houtplankie 'n patroon of hul name uitgebrand.

Soos gewoonlik was Nasionaal weereens 'n hoogtepunt op die kalender vir die jaar, met nuwe vriende se nommers in die sak en ou vriendskapbande wat weer gesmee is, bewys dit weereens waarom Landsdiens spesiaal is.



## Taalfees se Landsdieners is reg vir enige noodgeval.

Op 17 Februarie het die bekende ambulansdienste in Witbank genaamd Legacy by Laerskool Taalfees kom kuier. Ons is hartelik verwelkom met sirenes terwyl hulle soos 'n groen blits die terrein binne gesnel het.

Daar is vir ons geleer wat om te doen indien ons sou afkom op 'n ongelukstoneel; wat mag jy doen en wat nie. Ons het ook geleer hoe om iemand op 'n "spineboard" vas te maak. Daarna is daar vir ons 'n geleentheid gegee om na die appaarte binne in die ambulans te kyk. Oom Gavin Daniel Cooper en tannie Estie het ons mooi geleer dat ons nie net sommer Legacy moet bel omdat ons alleen voel en geselskap soek nie, maar eerder as daar 'n noodgeval is. Die Ambulans is mooi netjies en skoon en die kleur pas tot by ons skool se kleure.



# Oosterland hou 'n colourfest met 'n verskil...

Oosies skop die landsdiensjaar op 'n kleurvolle noot af met 'n colourfest met 'n verskil! Hulle strooi gedurende die colourfest mekaar met verskeie kleure poeiverf waar elke kleur 'n landsdiens liefde voorstel.

Hulle strooi blou en verbind hulle daartoe dat hul harte die jaar gaan warm klop met liefde vir hul naaste en God. Die geel herinner hulle aan die natuur, dis 'n kleur wat lewe gee en so gaan hulle die jaar die natuur bewaar. Ten laaste gooi hulle rooi vir aksie; 'n doen woord waar hul al die liefdes gaan uitleef in woord en daad. Facta non Verba bo! Hulle eerste aksie skop reeds Woensdag 1 Maart af wanneer hulle die plaaslike eendedam en kuiersplek van die dorp bietjie gaan opruim. Getrou aan tradisie sluit hulle die aksie af met 'n lekker worsbraai.



## Boeresport is groot pret.

Net na Valentynsdag het daar 'n lekker boeresport jol by Laerskool HM Swart plaasgevind. Daar is lekker gespeel en gelag terwyl landsdieners hulself vermaak het met lekker pret en plesier.

Leerders het aan aktiwiteite soos eiergooi, driebeenresies, hoepel deur die sirkel aangee en 'n eierresies deelgeneem.



Daar is ook vroteier gespeel met paaseiers waarna dit dan uitgedeel word. Leerders moes ook lekkers uit meel visvang sonder om hulle hande te gebruik, dit was 'n heerlike gemors.

Om die dag af te sluit word daar vir die leerders vertel waarom ons Paasfees vier sowel as die betekenis van die paaseier as 'n simbool van 'n nuwe lewe.



## Fast & Furious ....

Laerskool Secunda decided to have a day at the local racetrack by building their own race cars and turning their rugby field into a racetrack.

The idea was to build race cars out of cardboard boxes where they then had to decorate them in a group before they could enter the event. Teams were entered according to their grade.

The race took part as a relay between the two rugby posts where learners raced each other in their cardboard boxes. There were some bright and well made cars that looked like they could have been a Mercedes or Ferrari.

After everybody finished showing off their cars a braai was held to get to know each other a bit better.



# Slaapsak, Flits en Glitter...

Dit was weer tyd vir die landsdieners van Hoërskool Secunda om hulle tasse te pak, **slapsakke** uit te rol en genoeg glitter te bekom vir poetse. 'n Landsdiens kamp bly maar een van die lekkerste aksies in 'n jaar en so was dit weer tyd vir 'n klubkamp by Hoërskool Secunda op 24 – 26 Maart.

Die bus het Vrydag 24 Maart vertrek, met 70 opgewonde landsdieners, na Rockfall Ranch net buite Centurion. Met die nat weer was dit meer 'n watersport naweek as enige iets anders, maar nogtans het dit bygedra tot die pret. Met hul aankoms op die kampterrein het Piet Aarde die leerders met 'n drumming session sommer gou tuis laat voel.

Daar was meer as genoeg aktiwiteite om te doen soos om die hindernisbaan aan te pak, Kettie paintball te speel, skattejag te hou en 'n vlot te bou. Verder is daar in die aand heerlik gesing en vir 'n afsluiting is daar kersies op die dam geplaas om die kamp op 'n spesiale manier af te sluit.

Daar was ook geleentheid vir opwinding toe die bus (in die middel van die snelweg) in die stad breek en daar vinnig plan gemaak moes word. Gelukkig ken landsdieners van plan maak en sommer gou was die bus weer op pad.



## En ons dans, dans, dans...

Die voete het behoorlik gejuk by Laerskool Klipfontein op 24 Februarie toe daar lekker saam tannie Anell, 'n Zumba **instruktriëse** gedans is. Dit was nie sommer net enige dans nie, maar ZUMBA waar jy omtrent gesweet het soos jy op en af en sywaarts moes spring terwyl jou heupe en ander ledemate terselfde tyd moet jy ritme hou en beweeg op die maat van die musiek. Dit was amper soos 'n vinnige "gym" sessie om al die landsdieners fiks te maak vir die komende jaar se aksies.



## Klubleiers beplan vir 2017

Op 1 Februarie het al Mpumalanga se klubleiers in Secunda bymekaar gekom om te hoor wat wag op Mpumalanga Landsdiens in 2017.

Daar is groot planne soos 'n nuwe databasis stelsel, vrystelling van Landsdiens plakkers, opleidingskamp vir personeel en 'n heerlike streekkamp in Hoedspruit om net van die geheime weg te gee. Hou ons op facebook dop om te sien wat op jou wag...




# Ligbron se M & M Game

Die volgende speletjie kom van Ligbron Akademie af en kan dien as 'n heerlike ken - mekaar speletjie.

## Frikkie is Dood

Die spel word gespeel met m&m's.

- Pak vir die hoeveelheid spelers elk 'n m&m op die bepaalde kleur. Bv. 6 Spelers – 6 blou, 6 geel, 6 groen ens op elke blokkie.
- Speler 1 hou sy oë toe en die res wys 'n kleur aan as Frikkie (sonder om dit te noem). Speler 1 maak sy oë oop en begin m&m eet en beantwoord vrae volgens die kleur wat hy eet.
- Speler 1 eet totdat hy Frikkie eet. Die res skreeu: Frikkie is dood! Sodra speler 1 vir Frikkie eet. Sy beurt is dan verby.
- Speler 2 hou nou sy oë toe en speler 1 wys weer 'n nuwe kleur aan as Frikkie. Hou aan speel tot almal 'n beurt gehad het. Onthou om die vrae te beantwoord.



# By Morgenzon Landsdiens gebeur daar dinge

Morgenzon Landbou Akademie se landsdieners het nie op hul laat wag nie en al heelwat aksies aangepak in 2017. Op 24 Januarie 2017 het die Landsdiens met entoesiasme afgeskop. Die laerskoolkinders het ingekleur en gesing terwyl



die hoërskoolleerders "minute to win it" gespeel het. By een aktiwiteit moes almal hande vat en deur 'n hoepel klim sonder om hande te los. Dit het vir groot vermaak gesorg. Daar is afgesluit met "open the gates".



Vir 'n tweede aksie het hulle piekniek by die dam te hou. Terwyl leerders lekker smul aan hul eet- en drinkgoedjies en die sonsondergang aanskou, het sommige leerders ander vermaak met hul talente. Die laerskoolmeisies het Shimsara gedans en een laerskoolleerder kon binne enkele minute 'n "rubix cube" oplos.

Op 7 Februarie 2017 is daar boekmerke gemaak en vir Valentynsdag uitdeel by die ouetehuis op Morgenzon. MLA se landsdiensklubkamp het ook plaasgevind op 24 – 26 Februarie by Verlorenpan-kampterein buite Ermelo. Duidelik is Morgenzon se landsdieners hard aan die werk.

# Land Service Cares

The learners of Hoërskool Lydenburg decided it was time to give back to those that are less fortunate. On the 22 of February the Land Service learners braved the rain by walking to two welfare organizations in Lydenburg to bless them with some help.

They visited the CMR and Rata who are NGO Welfare organizations who support people who don't have the financial means to look after themselves. They handed over some clothing to the organizations to distribute amongst the needy. These organizations do an important job in our society where they provide help by supplying families with food parcels and clothing, supporting unwed mothers and protecting children against abuse or neglect. It was really special to support such a worthy cause.

The learners also enjoyed the outing since they could see what it meant to support those that are less fortunate.



# Kragbron Landsdiens herwin!

Kragbron Landsdiens kraai koning by herwinning! Kragbron Landsdiens is al vir die afgelope 4 jaar hard besig om herwinning by die Laerskool Kragbron te bevorder. Hier word leerders aangemoedig om te herwin, van wit papier tot plastiek en blik. Daaglik stop die herwinningsvragmotor by Kragbron om sy houers leeg te maak.

Kragbron het in 2016 ingeskryf vir 'n nasionale herwinnings kompetisie waar ons 2 de plek behaal het. Ons het 'n herwinnings sitbank gewen sowel as herwinningspakkette. Ons loods tans 'n projek waar leerders hulle sakke met herwinbare materiale skool toe bring, daar word dan op 'n kaart afgemerkt hoeveel sakke hulle bring en na 'n sekere aantal sakke kan hulle 'n beloning gaan kry.

Dit het ook 'n gulde geleentheid geskep toe ons bietjie arbeid moes beoefen om ons herwinningshouer op te knap en die ander houers bietjie te was. Dit was sommer gou baie pret, want nie net het ons houers gewas nie maar toe sommer ook bietjie tuin gemaak. By Kragbron beoefen ons liefde vir arbeid en natuur ter selfde tyd.



# Water is Lewe!

Op 22 Februarie 2017 het Laerskool Goedehoop se senior landsdieners meer geleer oor die nadele van waterbesoedling. Die wêreld bestaan uit ongeveer 71 % water waarvan 0.73 % drinkbaar is. Water is een van die elemente waarsonder mense nie kan leef nie.



Landsdieners het elkeen 'n skottel skoon water gekry wat hulle dan kon besoedel. Dit het die landsdieners minder as 2 min gevat om die water so vuil as moontlik te kry. Landsdieners het elk n koppie, watte en koffie filtreerpapier gehad om planne te kon beraam om die besoedelde water te suiwer. Landsdieners het gewys watter bobaas denkers hulle is en die uitdaging aangepak. Baie vining het hulle besef dat 2 minute se waterbesoedeling nie in 2 minute gesuiwer kon word nie. Na 50 minute kon een groep spog met skoon water.

Liefde vir die natuur..... kom ons verhoed waterbesoedeling!!

## Kruinpark speel speletjies

Hierdie is 'n baie besige kwartaal, maar ons het darem daarin geslaag om ons geliefde Landsdiens ook iewers in te werk. Ons het die jaar afgeskop met 'n ken mekaar in die vorm van "outydse" speletjies. Ons het heerlik gelag en so bietjie weer die litte los gekry, want ons kinders van vandag hardloop mos nie meer graag rond nie.



Met speletjies soos onder handjie klap en Vroteier het almal geleentheid gehad om mekaar rond te jaag. Ons het ook speletjies soos rooi liggie, groen liggie, Bal oor kop aangee en hoepel aanstuur sonder om hande te los. Die uur het hopeloos te vinnig verby gegaan en dit was weer tyd om te groet en huis toe te gaan.

Die volgende byeenkoms gaan Kapt. Oosie en haar span vir ons kom kuier en ons kan nie wag om te sien wat ons by hierdie besoekers kan leer nie. Is julle nou nuuskierig? Toemaar ons ook, maar vertel jul in die volgende nuusbrieff van hierdie kuier.

## Always a Plan B

Witbank Hoërskole Landsdiens had to resort to Plan B when the rainfall from Tropical Storm Dineo and the power/water outages of Witbank laid waste to their plans to have a water fun day.

But never fear because a land service friend always has another plan up his sleeve. Very quickly our event changed to a 30 seconds and "Noot vir Noot" gaming afternoon.

Learners were divided into teams and some general knowledge and music knowledge were tested. Filled with many laughs and wrong answers we had a great afternoon. To make it even better the air was filled with the smell of popcorn to make the afternoon an even bigger social event.



# Presenting the adventures of...

Presenting the adventures of Rungo and Albon. This will be a new feature in our newsletters where we can follow the adventures of Rungo and Albon as they learn more about Land Service and what it is all about...

R  
U  
N  
G  
O  
A  
L  
B  
O  
N

Tredé & Neer

